Ps. 68: 1, 2 Die Stryd v. God met die Goddeloosheid N/akp 30.10.60.

Ges. 33: 2. 4.
" 95: 2.
" 100: 7.

Sag. 5: 5-11
Openb. 17: 1-14

Sag. 5: 8a - En hy sê: Dit is die goddeloosheid.

Verlede Sondag het ons by ons voorbereidingsdiens die 6e gesig van Sagaria behandel waar 'n groot opgespreide boekrol deur die lug vlieg om die dief en die meinedige te verdelg - as simbool v.d. suiwerende krag v.d. Wd. v. God. Vanmôre staan ons by d. visioen v.d. vrou in die efa om vanaand die laaste visioen - dié v.d. vier strydwaens - te behandel.

Sommige Skrifuitleggers beskou die 2 visioene v.d. boekrol en die efa as een omdat albei te doen het m.d. manier waarop God teen die sonde optree. In die geval v.d. vlieënde boekrol tree God op teen spesifieke sondaars (die dief & d. meinedige) as verteenwoordigers v. alle sonde in d. mens: daar spreek Hy die vloek uit oor hd. sondaars. In die gesig v.d. vrou in die efa gaan God egter verder: hier verwyder Hyself die goddeloosheid uit die land.

Ons let dan op:

## I Die Teenwoordigheid v.d. Goddeloosheid:

Die goddeloosheid word hier voorgestel deur die figuur van 'n vrou in 'n groot Koringvat met 'n looddeksel daarop. Die vrou ifa lewe verteenwoordig óf die hoogste deug óf die diepste verleidelikheid. Hoe weet ons maar alte goed dat die vrou óf inspireer tot d. hoogste óf aftrek tot die laagste. Hier is sy d. beeld v. goddeloosheid: aantreklik & listig - aantreklik, omdat d. mens d. kwaad nooit sien in sy ware gedaante nie maar omdat d. kwaad h/self sy is óf 'n versieking óf 'n bedreiging.

altyd voordoen in sy mooiste klere, in sy mees verskillende gedaantes. Ja, so gekamoefleerd dat ook in d. heiligste dinge d. kwaad d. diepste indring en voor ons kan staan as 'n engel v.d. lig! (Ons motiewe – ons godsdiens), Vgl. Openb. 17

Gelukkig dat God in sy genadige beskikking sorg dra dat d. goddeloosheid ingeperk word (die vrou in die efa – die loodeksel). As God die goddeloosheid in ons hart en lewe vrye teuels sou gee, as God al d. teëwerk wegneem wat die mag v.d. bose ~~[illegible]~~ ~~en~~ teëhou in d. lewe v.d. enkeling en die gemeenskap – watter vernietigende verwoesting sal dan nie plaasvind nie! Maar God is nog genadig! Hou d. goddeloosheid binne grense!

Dit neem egter nie weg dat d. goddeloosheid altyd weer na bo kom, die deksel (hoe swaar ookal) altyd weer opgelig word & d. verleiding wil aanbied, die mens wil uitlok en weglei van die goeie. Dink maar aan u eie hart: die stryd teen hoogmoed, teen onreinheid v. gedagtes, d. stryd teen minderwaardigheid, d. stryd teen en skuldgevoelens wat nie wil weggaan – ja, so wanhopig word die stryd soms dat u in radeloosheid die hande opgooi in die lug en uitroep: „Niks is daar wat ek aan die sonde kan doen nie! Niemand is daar wat iets aan d. sonde kan doen nie! Om mens te wees is om onstrik te wees in die mag v.d. kwaad! Die sonde voer botoon in my, om my, en in die wêreld! Ons druk d. deksel af, mr. d. krag v.d. goddeloosheid forseer dit altyd weer wawyd oop!"

## II Verwydering v.d. Goddeloosheid

Maar skielik, onverwags (Kyk!) verskyn 2 vroue gestaan met die kragtige vlerke van 'n ooievaar[?] – vaël, gestoot deur die wind om die koning-kat op te tel en weg te vlieg daarmee om dit erens tussen die aarde en die hemel te hou totdat 'n huis, 'n woonplek vir die vrou gevind is in Sinear = Babilon. (Openb. 17).

Nou tekenend dat dit vroue is wat hier die vrou v. goddeloosheid wegneem! En hulle ontvang daartoe besondere toerusting (vlerke) en begenadiging (wind) om dit te doen. Met kragtige vlerkslag word hierdie ander vrou verwyder uit die gebiede v.d. volk en êrens gehou tussen aarde en hemel totdat sy haar woonplek vind waar sy tuishoort: in d. land v. goddeloosheid, van afgodery, van heidense denke en dade: Babilon!

→ Wat wil dit alles tipeer? Sommige Skrifuitleggers het in hd. 2 vroue die marters[?] van sien van Johannes; Jesus Kt.: geen grond daarvoor nie. Maar wat dit wel duidelik voorspel: die koms v.d. Een wat sou ingryp in die gang v.d. geskiedenis, die Spruit uit die wortel v. Isai, om d. mag v.d. goddeloosheid te breek en te oorwin. Dis Hy wat met mag die kwaad verwyder uit sy volk sou verwyder, wegneem uit die hart v. sy volgeling, uit die gemeenskap van sy volk.

Dis waar ja: die mag v.d. goddeloosheid is nog nie vernietig nie, maar dis weggevoer! Met J.K. se koms 2000 jr. gelede na hd. wêreld, en elke keer as Hy inkom in 'n mens se lewe,

Hoe verseker Hy ons:

1) Dat die mag v.d. goddeloosheid in beginsel verbreek is deur d. mag v. sy liefde wat red en reinig!

2) Dat in die wêreld die mag v.d. goddeloosheid nog voortwoed in al sy geweld maar dat in d. lewe van die Christen en die Christenvolk, hd. mag verbreek is! Dat ons ~~lewe~~ staan in 'n nuwe vryheid ~~en~~ leef in 'n nuwe vreugde, dat ons voortgaan in 'n nuwe versekering dat d. lewe in Christus 'n oorwinnende lewe is, dat die stryd; die reeds gewen is kwessie word is!

3) Dat Christus se teenwoordigheid nie net die lewe v.d. enkele Christen heilig & suiwer nie, maar ook die v.d. gemeenskap van Christene: Hy wil onder ons woon — en waar Hy woon daar is nie plek vir die goddeloosheid nie!

Dis hieraan dat ons Nagmaal getuig:

1) Die goddeloosheid is in Xtus gedra, verwerp, verban uit d. hart v.d. Xtene!

2) ~~Die~~ Xtus bly en woon onder ons (~~brood en wyn d. tekens~~) deur sy Gees totdat Hy kom om finaal d. mag v.d. Bose te breek! Daarvan is die brood en die wyn die tekens en seëls!